Keer Terug.

Jer. 3:20 — 4:4 LEES!!!

God praat hier met Sy volk Isreal in die dae van hulle **ballingskap** ---- en ons vind in hierdie gedeelte **drie oproepe tot bekering**, ons vind drie vermaninge.

Maar ons vind ook **drie beloftes** van **seëninge** indien hulle hul sou **bekeer**.

God roep Sy volk tot bekering, Hy sê: " **As jy jou bekeer, Isreal**"

'n Volk wat bestem was om 'n **koninkryk van Priesters**, 'n **heilige volk**, **Prinse** en **heersers** saam met God te wees; het **afgedwaal** en **weggedwaal**, hulle het afgehoereer en ontrou geword aan hulle hemelse God.

Vers 20 " Soos'n vrou **troueloos skei** van haar minnaar."

Die naam Isreal beteken: "**Heers saam met God."**

God het hierdie volk Isreal **geroep** om te **heers**, God het hulle uitverkies om Sy heilige Priesters te wees, maar hulle het **afgedwaal**, hulle het **weggedraai** en die Here hulle God vergeet.

Ek wonder hoeveel mense is daar vandag wat deur **God geroep** is om saam met **God te heers**, maar hulle het **afgedwaal**, hulle het die heilige weg verlaat, die **skande-God** het **hulle opgeëet**, en hulle is met **smaad oordek**.

Hoeveel van God se kinders **lê** vandag **langs die pad**, verskeur deur die wêreld, **toegegroei** deur **bossies** en **distels**. Hulle **lig** is onder die maatemmer, hulle lampe is verdof en onsigbaar.

Instede dat hulle **Priesters** is wat saam met **God heers**, is hulle deur 'n verlore wêreld ingesluk.

Die **singenot** en **plesiere** van hierdie wêreld het hulle **knieë verlam**, sodat hulle nie meer kan **opstaan** nie. Hulle is **verlam** deur die **gif** van hierdie wêreld, hulle kan nie meer self daar uitkom nie.

Hulle is vasgevang in die vangnet van die vyand, **toegespin** in sy **web**.

God sê vir Isreal: "**As jy jou bekeer**, Isreal." Volk van Isreal **hoor** die **reopstem** van God.

God **roep Sy volk** om **tot inkeer** te kom en hulle te **bekeer**.

In vers 8 sê God: "En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die **owerspel** van die afkerige, Israel, haar **verstoot** en haar haar **skeibrief** gegee het"

God het aan Isreal 'n **skeibrief** oorhandig. Vanweë haar **owerspel** het God van Isreal geskei. Ook in die N.T. gee Jesus Sy **goedkeuring** dat 'n man van sy vrou **mag skei** indien sy owerspel pleeg. Matt. 19: 9.

"Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van **sy vrou skei**, **behalwe oor hoerery**, en 'n ander een trou, **pleeg egbreuk**; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk."

M.A.W. ; Indien sy **egbreek pleeg**, dan mag die man van sy vrou skei.

Mat 5:31 "Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy **vrou skei**, moet haar '**n skeibrief** gee."

Het God dalk al aan een van ons 'n **skeibrief oorhandig**? Het God ons **verlaat** vanweë ons hoerery en ons owerspel? Het God ons verlaat omdat ons **egbreek gepleeg** het?

God roep Sy volk om hulle te **bekeer**, God is **genadig**. Nadat Hy aan hulle 'n skeibrief oorhandig het, **nooi God** Sy volk uit om weer **terug te keer** na Hom.

En indien hulle sou **terugkeer**, belowe God om hulle van hulle **afkerighede** te **genees**.

1Kor. 7:11 "en as sy tog **van hom skei**, moet sy ongetroud bly, of haar met **haar man versoen**; en dat die man sy vrou **nie moet verstoot nie**."

Net so roep die Here Sy volk, Sy gemeente, Sy vrou, Sy Kerk, Sy kinders; vir **my** en vir **u** tot bekering.

Open. 2:4 "Maar Ek het teen jou dat jy jou **eerste liefde verlaat** het.
:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en **bekeer jou** en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie."

Die gemeente in Efèse het **afgedwaal** en haar **eerste liefde** verlaat. Haar eerste liefde was Jesus Christus, Hy was haar eerste Man, maar sy het **Jesus verlaat** en 'n **ander man liefgekry** --- Die Wêreld --- Die Singenot --- Die Plesiere van die teenswoordige eeu.

Dit klink net absoluut ongelooflik dat hierdie **opregte kinders** van God, wat so **hard** vir die Here **gewerk** het, tot bekering geroep moet word. Dit klink net nie moontlik dat hulle be**kering nodig** gehad het nie, hulle was dan almal **wedergebore** kinders van God.

Geliefdes die **versoeking** sal altyd daar wees om **af te dwaal** en deur die wêreld **vasgevang** te word. En die duiwel is so **uitgeslape**, hy lei ons weg sonder dat ons eers daarvan bewus is, sonder dat ons dit agterkom. In die meeste gevalle is ons **totaal onbewus** daarvan.

Spreuke 7:21 "Sy het hom **verlei** deur haar baie **mooipraatjies**, deur die **gladheid** van haar **lippe** het sy hom verlok.
:22 Hy loop skielik **agter haar aan** soos 'n bees wat na **die slagpaal** gaan, en soos voetboeie wat dien tot tugtiging van die sot,
:23 totdat die pyl sy lewer splits; soos '**n voël** haastig na die **vangnet vlieg**—sonder om te weet dat dit **ten koste van sy lewe** is.

:24 Hoor dan nou na my, seuns, en luister na die woorde van my mond.
:25 Laat jou hart nie **afwyk na haar weë** nie, dwaal nie **rond op haar paaie** nie.
:26 Want baie is die gesneuweldes wat sy laat val het, en **talryk** almal wat deur **haar vermoor** is.
:27 Haar huis is **weë na die doderyk**, wat afdaal na die kamers van die dood."

Sovele male loop ons agter die duiwel aan, sonder dat ons **besef** dit is ten koste van ons **eie siele**. Laat jou hart **nie afwyk** na haar **weë** nie, want haar weë is die weë na die doderyk.

Wanneer jy tot jou **sinne kom** dan sit jy met 'n **skeibrief** in jou hand, omdat jy jou eerste liefde verlaat het en die wêreld jou man gemaak het.

" **Bekeer jou tot My**" Hierdie is 'n ernstige vermaning; God roep ons om ons tot Hom te bekeer. Nie net 'n **nuwe blaaitjie** omslaan nie, maar 'n **totale ommekeer**. God roep ons om 'n persoonlike ontmoeting met Hom te hê.

'n **Werklike bekering** beteken om 'n **persoonlike ontmoeting** met die Here te hê. Dit beteken Jesus word die Koning van ons harte. Daar vind 'n **totale vernuwing** plaas. Die hart van klip word **uitgehaal** en ons ontvang 'n hart van liefde.

Om 'n **nuwe blaaitjie** om te slaan beteken nie veel nie, party mense slaan soveel nuwe blaaitjies om, hulle moet **elke week** 'n **ander boek koop**.

Hoeveel **leë beloftes** het ons al gemaak? Hoeveel **waardelose geloftes** het ons al aan God gemaak?

1 Joh 1:9 "As ons ons **sondes bely**, Hy is getrou en regverdig om ons die **sondes te vergewe** en ons van alle ongeregtigheid te reinig."
Ons moet ons sondes bely!!

2 Sam. 3: 31 "Skeur julle klere en **gord rouklere** aan en **rouklaag**…"

Maar nou sê die Here vir ons in Joël 2: 13:

Joël 2:13 "En **skeur julle hart** en **nie julle klere** nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;"

Ons moet ons **harte voor God oopskeur**, sodat al die **onheil** wat daarin is kan **uitkom**. Ons moet ons harte voor God oopmaak. Ons moet **terugkeer** na God. Hy is **genadig** en **groot van goedertierenheid**.

Ons moet weer in God se lig wandel, ons moet ons lig laat uitskyn. Jesus is ons **kragbron**, Jesus is ons **lig**. Hy verlig ons **duister harte**. Hy verlig ons hele lewens.

Joh 1:9 "Die **waaragtige lig** wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld."

Joh 1:12 "Maar almal wat Hom **aangeneem het**, aan hulle het Hy **mag gegee** om **kinders** van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;
:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar **uit God gebore** is."

Ons moet uit **God gebore** word, ons moet 'n persoonlike ontmoeting met god hê. Jesus Christus, Almagtige God moet in ons **harte intrek**, Hy moet in ons **kom woon**.

Daar moet 'n **tot God bekering** plaasvind, en wanneer dit gebeur het ons net een doel voor oë en dit is om die Naam van die Here groot te maak.

Mense sing tot God sonder enige emosie, sonder enige gevoel, hulle staan en **rondkyk**, **vroetel** hier en daar, speel met hulle **vingers**, kan nie **wag** om te **sit** nie. ---- HOEKOM?

Daar is net een rede: Hulle het nog nie 'n **persoonlike ontmoeting** met God gehad nie.

Wanneer ons God persoonlik ken, dan sing ons **met oorgawe** en ons gee ons **alles**, ons gee ons **beste**. Want dan **is** Jesus ons alles.

3. God sê. "as jy jou **verfoeisels** van My aangesig af verwyder"

Dit is al die dinge waaraan God '**n afsku** het. Enige - iets, hoe onskuldig dit ookal mag lyk word 'n verfoeisel as ons God nie meer met ons **hele hart dien** nie . As dit **tussen** ons en God staan.

Enige - iets wat maak dat jy jou **eerste liefde verlaat**, word ‘n verfoeisel. ‘n Huis, ‘n Motor, ‘n werk, ‘n stokperdjie, ‘n sport, ontspanning; enige ding wat **tussen ons** en **God** gaan staan word ‘n verfoeisel.

Enige iets wat ons **verhinder** om God voluit te dien of wat ons **weerhou** om kerk toe te kom word ‘n verfoeisel.

God sê: “As **jy** jou verfoeisel verwyder.” Die klem word geplaas op **jy**. Die verantwoordelikheid berus by **onsself**. Ons moet **self** die verfoeisels uit ons harte uitdra.

En indien dit te **veel** is en te **swaar** is, neem ‘n kruiwa: en indien ‘n kruiwa te **lig** en te **klein** is is, kry ‘n vragmotor, maar kry dit uit. Raak **ontslae** van die verfoeisels in jou hart.

Alles wat **tussen** ons en God staan moet uit ons harte uit. Ook dit wat ons nie graag wil **erken** en **bely** nie. Daar is baie **verkeerde dinge** wat ons in ons harte **vertroetel**.

Dit is reeds **daardie dinge** waarvan ons **ontslae** moet raak. Daardie goeidjies wat ons altyd wil verdedig, dit is hulle wat moet uit. Wanneer ek sê: God sal my nie net **daaroor uitwerp** nie, kan ek maar **weet** dit is ‘n verfoeisel wat ek in my **hart vertroetel**.

Geliefdes ons moet **self** van hierdie goed **ontslae raak**. Ons moet dit **bely** en ons moet dit **neerlê**.

Let ook op die Here sê: ons moet hierdie verfoeisels van **Sy aangesig verwyder.** Ons moet alles wat God **mishaag** uit ons harte verwyder, dan sal God ons weer ryklik seën.

Verder sê die Here: “ Dan hoef jy nie **rond te swerwe** nie.” Dan hoef jy nie meer te **soek** nie, want dan het jy **God gevind**.

‘n Swerwer is iemand wat tuisteloos, rigtingloos, Herderloos, moedeloos, en vol van **onsekerheid** en **armmoede** is. Dit is hoe die **lewe** van iemand is wat die **pad byster** geraak het en **God verlaat** het.

Maar wanneer ons egter tot God **terugkeer**, dan word Hy die “ Herder en Opsiener” van ons siele.
Dan **dwaal** ons nie **meer rond** nie, maar dan volg ons Jesus en word Hy ons leidsman.

En dan sê die Here: “ Dan sal jy sweer: so **waar** as die **Here leef** !”

Net ‘n wedergebore kind van God kan dit getuig. Want net as jy met God **ontmoet** het weet jy **waarlik**, dat Hy leef. Indien daar net een verkeerde ding in jou hart is,

Sal God maar vir jou **vaag, ver** en **onduidelik** wees. Maar as jy met God **ontmoet** het, dan sal jy sê: “So waar as die Here leef.”

Laastens sê die Here: “ Braak vir julle ‘n **braakland** en **saai** nie onder die **dorings** nie.”

Ons moet ons **harte omploeg** en **omkeer** en skoonmaak en suiwer maak.

Wie wil vandag die **ploeg insteek**? Wie wil God vra om sy **hart skoon** te maak? Wie wil al die verfoeisels verwyder?

. **Jer 3:22** “Kee**r terug**, o afkerige kinders; Ek sal julle **afkerighede genees**. Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God.”

Wil ons dit nie maar vandag uitroep nie: “**Hier is ons, ons kom na U toe**, want U is die **Here onse God**.”

Here ons kom na U toe!!!!!!

Here ons **laat staan** al die **verfoeisels** en ons kom na U toe!!!

Ons klim nou uit die **wêreld uit** en ons kom na U toe!!

Hoekom?

Want U is ons God!!!